

Saterdag 1 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 119:1-8

Fokusgedeelte: Psalm 119:1

Geseënd is dié wat lewe volgens die Here se woord!

Psalm 119 is die langste Psalm en die langste hoofstuk in die Bybel. Hierdie Psalm het 'n baie treffende struktuur: dit bestaan uit 22 strofes wat elkeen agt verse het (22 x 8 = 176 verse), en elke strofe begin met 'n opeenvolgende letter van die Hebreeuse alfabet. Dit staan daarom bekend as 'n akrostiese of alfabetiese psalm. Van begin tot einde fokus hierdie Psalm op één tema: die woord van die Here.

Die eerste strofe van Psalm 119 (vs 1-8) begin met die dringende en baie praktiese saak van hoe ons lewe (letterlik “die weë” waarop ons “wandel”). Dit bring my en jou voor die vraag: Hoe lewe jy?

Psalm 119 noem elkeen wat lewe volgens die Here se woord geseënd. Dit sluit mooi aan by wat ons hoor in Psalm 1: Geseënd is hulle wat die Here se woord gehoorsaam.

Maar ons almal sit met die probleem: Alhoewel ek dit weet, leef ek nie volkome volgens die Here se woord nie. Ek het die begeerte om sy woord te gehoorsaam, maar as ek myself weer kan kry, het ek dit oortree. Dit maak my skaam en moedeloos. Daarom roep ek saam met die digter van Psalm 119 uit: “Ag, was my weë maar vas om u insettinge te onderhou” (1933/53-vertaling).

Is daar enige hoop vir my wat volgens die Here se wet wil lewe, maar dit nie regkry nie? Die antwoord van die evangelie is 'n weergalmende “Ja!” Christus. Hy het my van hierdie doodsbestaan verlos sodat ek nou die wet van die Here kan gehoorsaam (Rom. 7:21-25). Hy het sy Gees gestuur om ons te lei om te lewe. As nuwe mense kan ons daarom hoopvol bely: “Ek sal U loof in opregtheid van hart ... ek sal u insettinge onderhou” (1933/53-vertaling).

Sing: Psalm 119-1:1, 2

Prof. AJ Coetsee (Albert) (Teologiese Skool Potchefstroom)